higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N4

(6020254)

17 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES AAN DIE KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

KANDIDATE WORD 30 MINUTE GEGUN OM DIE INSTRUKSIES DEUR TE LEES

	TYD	PUNTE
TIKTEGNIEK: AFDELING A	**2 uur**	**200**
WOORDVERWERKING: AFDELING B	**1 uur**	**100**
TOTAAL	**3 uur**	**300**

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES SORGVULDIG DEUR VOORDAT JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat laat opdaag en/of nie betyds vir die tydnoukeurigheidstoets (VRAAG 1) gereed is nie, sal slegs toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan nadat die TIEN minute vir die toets verstryk het.

2. Kandidate word DRIE minute gegun om die tydnoukeurigheidstoets voor die aanvang van die eksamen deur te lees.

3. Die tydnoukeurigheidstoets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Nadat die toegelate TIEN minute verstryk het, sal jou toets ingeneem en deur die toesighouer onderteken word. Die toets sal tot aan die einde van die eksamensessie deur die toesighouer gehou word, waarna dit, in jou teenwoordigheid, in jou EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

5. Beantwoord al die vrae.

6. Herwin die briefhoof wat as VRAAG 3 op jou disket/hardeskyf gestoor is om VRAAG 3 te beantwoord.

7. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4 en 5: sleutel in, stoor, druk en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

8. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

WOORDVERWERKING: AFDELING B

1. Beantwoord al die vrae.

2. Herwin V6A wat op jou disket/hardeskyf gestoor is en doen die verwerking volgens die instruksies wat in VRAAG 6B gegee is.

3. Prosedure vir VRAAG 7A en 8A: sleutel in, stoor, druk en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

4. Herwin, kopieer en doen die verwerking volgens die instruksies in deel B van elke vraag. Druk en dien deel A asook deel B in.

5. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

Kopiereg voorbehou

ALGEMEEN

1. Jy mag die ASCI-kodes gebruik.

2. Geen aantekeninge of enige nietoelaatbare materiaal mag hierin verskuil of in hierdie artikels geskryf wees nie.

3. Gebruik slegs Courier New 12 pt behalwe waar dit in die vraestel anders aangedui is.

4. Werk vinnig ten einde die vraestel betyds te voltooi.

5. Stoor jou werk met gereelde tussenposes om die verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. Slegs die duur van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie.

6. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerdefek, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

7. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in soos aangedui in die instruksies. Geen antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

8. Aan die einde van die eksamensessie moet die volgende ingelewer word:

   8.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel.

   8.2 Die kompakskyf/geheuestokkie waarop jou werk gestoor is, wat behoorlik met jou EKSAMENNOMMER gemerk is. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die werk na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en dan die werk onmiddellik van die hardeskyf/netwerk skrap. Kandidate se antwoorde moet vir ten minste SES maande gehou word.

   8.3 Alle ander DRUKSTUKKE moet ingedien word. Geen DRUKSTUKKE mag uit die eksamenlokaal verwyder word of in die snippermandjies geplaas word nie.

9. Enige poging om inligting te verkry of inligting aan 'n ander kandidaat te verskaf, is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n baie ernstige lig beskou word. Indien jy aan so 'n oortreding skuldig bevind word, sal stappe teen jou geneem word.

WAG VIR DIE TOESIGHOUER SE OPDRAG VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.

	TYD	PUNTE
VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	10 minute	20
VRAAG 2: TABEL	27 minute	44
VRAAG 3: AMPTELIKE BRIEF	37 minute	60
VRAAG 4: PARAGRAWE	34 minute	56
VRAAG 5: AFRIKATAAL	12 minute	20
TOTAAL	120 minute	200

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" SPOED: 35 w.p.m. (minimum vereiste) FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links REËLAFSTAND: 2,0 (dubbel)

1. Die volgende tydnoukeurigheidstoets moet slegs een keer ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir spoed van 35 en 40 woorde per minuut.
3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 1 en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
4. Stoor die dokument as V1 en maak ’n DRUKSTUK.
5. Na voltooiing sal die tydnoukeurigheidstoets deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Alle bladsy moet onderteken word.

Die vierde industriële revolusie lei 'n reeks maatskaplike, politieke, kulturele en ekonomiese omwentelinge in, wat in die een-en-twintigste eeu sal ontwikkel. Deur op die wydverspreide beskikbaarheid van digitale tegnologieë te bou wat die gevolg was van die derde industriële of digitale revolusie, sal die vierde industriële revolusie aangevuur word deur die ineenloping van digitale, biologiese en fisiese innovering.

Soos die eerste industriële revolusie, wat tot stoomaangedrewe fabrieke gelei het, die tweede industriële revolusie, wat met massaproduksie en vervaardiging te doen gehad het, en die derde industriële revolusie wat die begin van digitisering was, is die tegnologie van die vierde industriële revolusie wat te doen met kunsmatige intelligensie, genoommodifikasie, aangevulde realiteit, robotika en drie-D drukwerk vinnig besig om die manier te verander waarop mense waarde skep, uitruil en versprei.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Soos tydens die vorige revolusies, sal dit instellings, industrieë en individue dramaties transformeer. Nog belangriker, hierdie revolusie sal gerig word deur die keuses wat die mens vandag maak. Oor vyftig tot 'n honderd jaar van nou af sal baie van die wêreld se karakter afhang van hoe ons gedink het oor die belegging in en ontplooiing van hierdie kragtige nuwe tegnologieë.

Dit is belangrik om te besef dat die vierde industriële revolusie 'n sistemiese verandering in baie sektore en aspekte van die menslike lewe sal behels. Die wederkerige invloede van ontwikkelende tegnologieë is selfs meer belangrik as die bestaande vermoëns wat dit verteenwoordig. Die resultaat hiervan is maatskaplike transformasie op 'n wêreldwye skaal. Deur die aansporings, reëls en norme van die ekonomiese lewe te beïnvloed, transformeer dit die manier waarop ons kommunikeer, leer, onsself vermaak, met ander in wisselwerking tree en hoe ons onsself as mense verstaan.

35 w.p.m.

Die feit dat hierdie nuwe tegnologieë teen 'n toenemende pas ontwikkel en geïmplementeer word, het 'n invloed

40 w.p.m.

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: TABEL

TYD: 27 minute **PUNTE: 44**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-landskap BELYNING: Links REËLAFSTAND: 1,0 (behalwe waar anders aangedui word)

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 2 en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Sleutel in soos aangedui.
4. Belyn alle figure regs.
5. Stoor die dokument as V2 en maak 'n DRUKSTUK.
6. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Die vierde Industriële Revolusie is in volle swang **vervang met 4de bk, vetdruk, sentreer**
╪ **sp**
Bestuurders voorsien teg-gedrewe transformmasie van die werksmag **bk, kurs**
╪

Alreeds [getransformeer **NR bk**	Aktief **NR bk** [transformerend		Sal transformeer **NR bk** [binne vyf jaar **in syfers**		Som van alle [transformasie **NR bk**	
Kubersekerheid	20%	44%	87	82%	Verwerking van grootdata	57%
Kunsmatige intelligensie	14%	24%	78%	83%	Kunsmatige intelligensie	99%
Internet van dinge	22%	25%	88%	84%	Internet van dinge	88%
Wolkverwerking	29%	27%	89%	85%	Robotika	77%
Stemgeaktiveerde persoonlike assistente	27% **loop aan**	23%	90% **trs**	86%	3D-drukwerk	66%
Virtuele/aangevulde realiteit	15% **loop aan**	12%	91%	87%	Aangevulde realiteit	55%
Grafiekbots	25%	21%	92%	88%	Virtuele realiteit	44%
Blockchain	28%	20%	93%	67%	Blockchain	33%
Kriptogeldeenhede	20%	29%	94%	77%	Kriptogeldeenhede	22%

╪ **in woorde** ~~vertrou~~ **stet**
% van kliënte en bestuurders wat / volgende tegnologieë ~~glo~~.

[44]

VRAAG 3: AMPTELILKE BRIEF

TYD: 37 MINUTE **PUNTE: 60**

KANTRUIMTES: Links: 3,81 cm/1,5" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links REËLAFSTAND: 1,0 met dubbelreëlafstand tussen paragrawe

1. Herwin die briefhoof, VRAAG 3, wat gestoor is op jou disket/hardeskyf.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn as 'n voetskrif in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en maak 'n DRUKSTUK.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Vandag se datum in dalende volgorde
╪
Skuif
Aan: Minister van openbare ondernemings, Minister van finansies } sit korrek uiteen
╪
Omsendbrief 28 van 20.. gesp hfls, gebruik huidige jaar
╪
5 probleme met / 4de industriële revolusie bk, vetdruk voluit
╪ bk, vetdruk bk, kurs sp
2. ╫Probleem 2: 'n Revolusionêre siening van geskiedenis [Akademisie, veral NP
geskiedkundiges en geograwe, argumenteer al lank daaroor of die menslike samelewing op 'n evolusionêre of 'n revolusionêre manier verander. Daar was dus verskeie debatte oor hoeveel landboukundige revolusies daar was wat / sogenaamde eerste industriële revolusie voorafgegaan of daarmee verband gehou het.
╪ bk, vetdruk bk, kurs
1. ╫ Probleem 1: 'n Oortuiging dat tegnologie / wêreld verander het en steeds verander
[Alle sogenaamde industriële revolusies is gebaseer op / fundamenteel foutiewe NP
aanname dat tegnologie / wêreld verander.
╪ bk, vetdruk bk, kurs NP 3 1 2 trs
4. Probleem 4: Manlike helde van / revolusie [Een van / mees skokkende treffende en
kenmerke van / Huawei-video wat hierdie kritiek uitgelok het, was dat feitlik al / mense wat as helde van / industriële revolusie voorgehou word, mans was.
╪ bk, vetdruk bk, kurs NP ~~gedagte~~ stet
3. Probleem 3: 'n Elitistiese siening van geskiedenis [Die ~~idee~~ van industriële revolusies is grootliks 'n uitdrukking van 'n elitistiese siening van geskiedenis. Dit gaan oor en is geskryf deur / elite wat dit gevorm en dit moontlik gemaak het. Dit gaan oor / eienaars van / fabrieke eerder as / arbeiders, dit gaan oor innoverende slimkoppe eerder as / arbeiders wat gewerk het om vir hulle kos te produseer en dit gaan oor / slim politici wat / potensiaal van hierdie tegnologie insien om / wêreld na hul eie beeld te vorm.
╪ bk, vetdruk bk, kurs NP
5. Probleem 5: Die Vierde Industriële Revolusie as 'n selfvervullende profesie [Uiteindelik is / idee van 'n heldhaftige manlike industriële revolusie ʌ as 'n selfvervullende ʌ grootliks
profesie bevorder.
╪
╪
Adjunkdirekteur bk, vetdruk

Kandidaat:
1. **Rangskik paragrawe in numeriese volgorde.**
2. **Keep inhoud onder die opskrifte in.**
3. **Voeg 'n bladsybreuk na paragraaf 3 in.**
4. **Nommer die tweede bladsy as 2 bo in die middel.**

[60]

VRAAG 4: PARAGRAWE

TYD: 34 MINUTE **PUNTE: 56**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" PAPIER: A4-portret BELYNING: Links	WOORDBREKING: Outomaties REËLAFSTAND: 1,0 met dubbelreëlafstand tussen paragrawe FONT: Courier New 12 pt tensy waar anders aangedui

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 4 en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Stoor die dokument as V4 en maak 'n DRUKSTUK.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Skuif

sentreer, bk, o/streep voeg saam

/ wêreld beskou revolusionêre ontwikkelings in wetenskap & tegnologie

Wat ons gedoen het: drie groot idees in syfers bk, vetdruk

1. Datagedrewe strategie-ontwikkeling bk, kurs ~~gegee~~ stet

[In die eerste plek het ons 'n nuwe strategie opgebou uit ~~insette~~ oor / firma & van ons kliënte eerder as van 'n stel afwaartse aankondigings. Ons het 'n stel opnames & direkte gesprekke gebruik om ons mense te vra wat hulle dink. NP

2. Holistiese meting van bydraes bk, kurs trs

[Kundige werkers is spesialiste, maar ons kliënte het baie oor behoeftes baie verskillende spesialiserings. Ons kliënte is dikwels ook multinasionaal: hulle moet in staat wees om met mense in baie lande te praat om hul probleme op te los. Hoe goed / strategie ook op papier is, sal dit nie in 'n vennootskapomgewing slaag nie as daar nie voldoende ondersteunings is vir dit wat voorgestel word nie. NP

3. Dienende leierskap bk, kurs sp

[Kundige werkers is kenners in hul focusarea & hulle is ook uiters#gemotiveerd. Sulke mense het nie nodig dat die bestuur vir hulle sê wat om te doen nie. NP

Hulle vereis dat hul bestuurspan 'n werksomgewing moet skep wat hulle ondersteun om hul ambisies te bereik.

Arial 10 pt, regsbelyn

3 maniere om 'n goeie leier te wees in / Vierde Industriële Revolusie

Arial 14 pt, bk, vetdruk, sentreer

Simbool = Wingdings

= letterspasie

Kandidaat:
Verander [&] na [en].

[56]

VRAAG 5: AFRIKATAAL

TYD: 12 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links REËLAFSTAND: 1,5
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 5 en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Stoor die dokument as V5 en maak 'n DRUKSTUK. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Re dire eng go fedisa baporofeta le baruti ba maaka mo nageng ya rena? O kare rena ma Afurika borwa re golofetxe. Re nyaka mehlolo yeo eka fetolago lego kaonafatja seemo sa maphelo.

Nkane re dumela kudu mo go mehlolo le phediso ya mathata a rena ka tshoganetso? Gona go swarwa lebaka ke gore ba dira gore batho ba tshepe maaka ao a bona le motho o tseba bophelo bja gagwe go feta motho yo mongwe.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

AFDELING B

WOORDVERWERKING

WERK VINNIG EN AKKURAAT

VRAAG 6:	**PARAGRAWE**	**A** **B**	**Reeds ingesleutel** **15 minute**	**00** **25**
VRAAG 7:	**MEMORANDUM**	**A** **B**	**10 minute** **14 minute**	**16** **23**
VRAAG 8:	**TABELLE**	**A** **B**	**8 minute** **13 minute**	**14** **22**
TOTAAL			**60 minute**	**100**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B: VERWERKING

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

1.	Herwin die dokument, V6A, wat gestoor is op die disket/hardeskyf. Verwerk volgens die instruksies en soos in die teks aangedui word.
2.	Verander die linker- en regterkantruimtes na 2,54 cm/1" en Courier New 12 pt.
3.	Belyn die dokument links en gebruik die woordbrekingsfunksie (Outomaties).
4.	Verander die reëlafstande na enkelreëlafstand met dubbelreëlafstand tussen paragrawe en keep in.
5.	Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 6B en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in.
6.	Stoor die dokument as V6B en maak 'n DRUKSTUK.
7.	Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Λ Wat is die Vierde Industriële Revolusie? **WordArt 18 pt, bk, vetdruk**

╪ **bk, kurs, sentreer**

Wat presies is die Vierde Industriële Revolusie en waarom moet ons omgee? [Die Vierde Industriële Revolusie is 'n manier om te **NP** beskryf hoe die grense tussen die fisiese, digitale en biologiese wêrelde vervaag.

╪

Λ 1. ╫ Waar het die term, Vierde Industriële Revolusie, vandaan gekom? **bk, kurs**

╪ **skrap**

✓╫ Hoewel die Vierde Industriële Revolusie ~~(somtyds ook 4IR of Industrie 4.0 genoem)~~ die samelewing soos nooit tevore nie sal verander, bou dit op die fondasies wat deur die eerste drie industriële revolusie gelê is. Die koms van die stoomenjin in die 18de eeu het die eerste industriële revolusie ingelei **in woorde** toe meganisasie in produksie vir die eerste keer moontlik was en maatskaplike verandering tot meer verstedeliking gelei het.

Λ 2. ╫ Wat is die tegnologieë wat verandering aandryf? **bk, kurs**

trs

✓╫ Die manier maklikste om die Vierde Industriële Revolusie te verstaan, is om op die tegnologie wat dit aandryf te fokus. [Dit sluit die volgende in: **NP bk**

Λ[2.1 ╫ KI beskryf rekenaars wat soos mense kan dink – om komplekse patrone te herken, inligting te verwerk, gevolgtrekkings te maak en aanbevelings te doen. Λ [2.2 ╫ Blockchain is 'n sekere, gedesentraliseerde en deursigtige manier om gedeelde data te rekordeer en vele meer.

Λ 4. ╫ Hoe sal die Vierde Industriële Revolusie die toekoms van werk beïnvloed? **bk, kurs**

✓╫ Die omwenteling van die Vierde Industriële Revolusie is nêrens so duidelik sigbaar soos in die werksplek nie. Soos met vorige industriële revolusie, sal die Vierde Industriële Revolusie mense se lewens dramaties beïnvloed aangesien outomatisasie weens KI baie tipes werk sal laat verdwyn. Terselfdertyd sal heeltemal nuwe kategorieë werk ontstaan.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B (VERVOLG)

Voeg 'n bladsynommer links bo as 2 in

∧ 5. ╫ Wat moet besighede doen om hul werksmag te bevorder? **bk, kurs**

✓╫ Besighede sal moet verseker dat hulle oor die korrekte mengsel vaardighede in hul werksmag beskik om met die veranderende tegnologie tred te hou. 'n Ander studie toon dat 59% **in woorde** van bestuurders glo dat KI die tipes vaardighede wat hul maatskappye nodig het, sal beïnvloed. Werkers sal waarskynlik hul vaardighede moet opknap, nie net een keer nie, maar verskeie kere in hul loopbane. ∧ Baie senior uitvoerende beamptes vra alreeds hoe dit alles bereik sal word.

∧ 6. ╫ Hoe verseker ons dat die Vierde Industriële Revolusie vir almal goed is? **bk, kurs**

~~oneindige~~ **stet**

✓╫ Hoewel die Vierde Industriële Revolusie ~~massiewe~~ geleenthede en uitdagings bied, moet ons seker maak dat ons almal saamwerk om te verseker dat dit ons almal bevoordeel. **[**Mense moet proaktief **NP** wees om hierdie tegnologie en ontwrigting te beheer. Dit vereis wêreldwye samewerking en 'n gedeelde visie van hoe tegnologie ons ekonomie, maatskaplike, kulturele en individuele lewens vorm. **[**Met besighede aan die voorpunt van die Vierde Industriële **NP** Revolusie wat innovering en maatskaplike ontwrigting aanvuur, moet hulle ook 'n kritieke rol speel om te verseker dat die behoeftes van alle belanghebbers bevredig word en nie net dié van hul aandeelhouers nie.

∧ 3. ╫ Hoe sal die Vierde Industriële Revolusie sake beïnvloed? **bk, kurs**

sp

✓╫ Namate tegnologie verander, is dit montlik dat hulle ook verbruikers se verwagtinge verander. 'n Wêreldwye opname deur Sales Force Research toon dat die meerderheid besighede glo dat hierdie tegnologie en die ervarings wat dit bring, hul interaksie met maatskappye binne vyf jaar sal omskep. **in syfers**

Kandidaat: 1. Paragrawe moet in numeriese volgorde wees.
2. Vind [KI] en vervang met Kunsmatige Intelligensie in hoofletters en dubbelonderstreping.
3. Verander onderstreepte (Vierde Industriële Revolusie] na hoofletters en vetdruk.
4. Voeg [✓] in waar dit voorkom en keep in.
5. Voeg 'n bladsybreuk na paragraaf 3 in.

[25]

VRAAG 7A: MEMORANDUM

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 16**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links REËLAFSTAND: Dubbel (2,0)
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 7A en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Sleutel in, stoor die dokument as V7A en maak 'n DRUKSTUK. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Die Vierde Industriële Revolusie word daardeur gekenmerk dat dit stelsels asook masjiene intelligent & gekonnekteer maak. Die onderliggende tegnologieë van die Vierde Industriële Revolusie sluit kunsmatige intelligensie (KI) asook blockchain in. Kunsmatige Intelligensie is 'n paradigma waar fiesise & sosiale verskynsels geprogrammeer word om komplekse probleme op te los. KI stel masjiene in staat om te leer, aan te pas, te evolueer & te optimeer en het 'n verreikende impak op verskeie terreine soos ingenieurswese, mediese wetenskap & sosiale wetenskappe gehad.

(16)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7B: VERWERKING

TYD: 14 MINUTE **PUNTE: 23**

1. Herwin die dokument wat as V7A gestoor is.
2. Verwerk volgens die instruksies en soos in die teks aangedui word.
3. Verander die reëlafstande na enkelreëlafstand met dubbelreëlafstand tussen paragrawe.
4. Verander VRAAG 7A in die kopskrif na VRAAG 7B.
5. Stoor die dokument as V7B en maak 'n DRUKSTUK.
6. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Memorandum **gesp hfls, vetdruk**

Aan: Universiteit van Johannesburg
Van: Prof. Tshilidzi Marwala
Datum: Gebruik vandag se datum in dalende volgorde
bk, d/r

Die Vierde Industriële Revolusie **bk, vetdruk**

bk

Die Vierde Industriële Revolusie word daardeur gekenmerk dat dit ~~vervaardiging~~ **stet** **voluit** ~~stelsels~~ asook masjiene intelligent & gekonnekteer maak. **[**Die **NP** onderliggende tegnologieë van die Vierde Industriële Revolusie **bk** sluit kunsmatige intelligensie ~~(KI)~~ asook blockchain in. **skrap** **[**Kunsmatige Intelligensie is 'n paradigma waar fiesise **NP sp** & sosiale verskynsels geprogrammeer word om komplekse probleme op te los. KI stel masjiene in staat om te leer, aan te pas, te evolueer & te optimeer en het 'n verreikende impak op verskeie terreine soos ingenieurswese, mediese wetenskap & sosiale wetenskappe ~~gehad~~. **skrap**

- Die implikasies van hierdie op die samelewing asook die onderliggende koste word ook ondersoek. **CN 10 pt**

Vir meer inligting oor die Vierde Industriële Revolusie skakel **loop aan**
0860 99 88 55 of besoek www.vierdeindustrielerevolusie.com. **CN 10 pt**

Kandidaat: Vind [KI] en vervang met [Kunsmatige Intelligensie].

(23)
[39]

VRAAG 8A: TABELLE

TYD: 8 MINUTE **PUNTE: 14**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Arial 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links REËLAFSTAND: 1,0 (behalwe waar anders aangedui)
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn, VRAAG 8A en jou WERKSTASIE-/REKENAARNOMMER regsbelyn as 'n kopskrif in. 2. Sleutel in, stoor die dokument as V8A en maak 'n DRUKSTUK. 3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Die Netwerk vir Wêreldwye Tegnologiebestuur

╪

- Hoe kan ons die voordele van wetenskap en tegnologie vir die samelewing maksimeer?

╪

- Ons span saam met regerings, rigtinggewende maatskappye, burgerlike samelewing en kenners oor die wêreld om innoverende nuwe benaderings tot beleid en bestuur in die Vierde Industriële Revolusie te ontwikkel.

╪

- Ons ontwikkel nie net nuwe idees nie – ons implementeer dit deur die wêreld teen die pas wat deur tegnologiese verandering vereis word.

╪

- As 'n leier (kenner en innoveerder) mag jy dalk goeie idees oor die bestuur van die Vierde Industriële Revolusie hê.

╪

- Vanaf intelligensie tot kunsmatige presisie-medikasie streef ons daarna om die potensiaal van tegnologieë te ontsluit om die samelewing te transformeer.

(14)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8B: VERWERKING

TYD: 13 MINUTE **PUNTE: 22**

1. Herwin die dokument wat as V8A gestoor is.
2. Verwerk volgens die instruksies en soos in die teks aangedui word.
3. Voeg tabelle in soos aangedui.
4. Verander die kantruimtes na 1,27 cm/0,5".
5. Verander VRAAG 8A in die kopskrif na VRAAG 8B.
6. Stoor die dokument as V8B en maak 'n DRUKSTUK.
7. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

ʎ Sentrum vir die Vierde Industriële Revolusie **Arial 16 pt, bk, vetdruk, sentreer**

ǂ

Die Netwerk vir Wêreldwye Tegnologiebestuur **bk**

ǂ **Kolom 2** **Kandidaat: skrap kolpunte** **Kolom 1**

ʎ Werklike impak teen die huidige spoed **bk**

ǂ

- Ons ontwikkel nie net nuwe idees nie – ons implementeer dit deur die wêreld teen die pas wat deur tegnologiese verandering vereis word.

ǂ

ʎ Ons benadering **bk**

ǂ **dubbelo/streep**

- As 'n leier (kenner en innoveerder) mag jy dalk goeie idees oor die bestuur van die Vierde Industriële Revolusie hê.
  ʎ **[**Maar jy kan nie alleen wêreldwye **NP** veranderinge maak nie.

ǂ

ʎ Die mees uitdagende uitdagings van ons generasie **bk**

ǂ 3 2 1 **trs**

- Vanaf intelligensie tot kunsmatige presisie-medikasie streef ons daarna om die potensiaal van tegnologieë te ontsluit om die samelewing te transformeer.

ʎ Ons portefeuljes **bk**

ǂ

- Hoe kan ons die voordele van wetenskap en tegnologie vir die samelewing maksimeer?

ǂ

ʎ Dit is ons missie **bk**

ǂ ~~administrasie~~ **stet**

- Ons span saam met ~~regerings~~, rigtinggewende maatskappye, burgerlike samelewing en kenners oor die wêreld om innoverende nuwe benaderings tot beleid en bestuur in die Vierde Industriële Revolusie te **vetdruk** ontwikkel.

ǂ

ʎ Brosjure: Sentrum vir die Vierde Industriële Revolusie **bk**

ǂ

ʎ Die forum se Sentrum vir die Vierde Industriële Revolusie is 'n nuwe fokuspunt in die internasionale gemeenskap om dialoog tussen verskeie aandeelhouers te bewerkstellig.

Kandidaat: Voeg 'n bladsyrand van jou keuse in

(22)
[36]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou